Bybelse inspirasie vir ons getroue vrywilliger, vennoot en vriend
Julie 2012

# ...ervaar God se teenwoordigheid...





**Hierdie wolke rondom die Hottentots Holland se berge het sommer soos 'n sagte kombers wat jou toevou en koester op 'n koue dag amper op ons kom lê! Dis asof die Here dit daar laat sweef het en mens Sy nabyheid intens kon ervaar die dag, jy kon Hom amper voel! Daar is mos tye waar God jou ontmoet en Sy teenwoordigheid só tasbaar is. Dit kan in die natuur, tydens gebed, stilitetyd of lofprysing en aanbidding wees. As die Skepper Sy skilderkwas uithaal en ons bederf met 'n kunstige sonsonder-gang soos hierdie dan weet jy "Hy leef!"en skyn Sy glorie sigbaar om jou! Hierdie lied deur Matt Redman besing God se grootheid, glorie en teenwoordigheid en gevolglike spontane buig/neerval in aanbidding voor Hom.** As jy rustig deur die lirieke lees/sing, dink ek jy sal saam met my wil buig voor ons Almagtige Skepper God, sommer "face down" soos die lied sê en saam Sy teenwoordigheid soek…

**Face down** - Matt Redman
Welcomed in to the courts of the King
I've been ushered in to Your presence
Lord, I stand on Your merciful ground
Yet with every step tread with reverence

And I'll fall facedown
As Your glory shines around
Yes, I'll fall facedown
As Your glory shines around

Who is there in the heavens like You?
And upon the earth, who's Your equal?
You are far above, You're the highest of heights
We are bowing down to exalt You

So let Your glory shine around
Let Your glory shine around
King of glory, here be found
King of glory

Waarom kan daar wonderlike oomblikke of tye van "worship" soos tydens die sing en luister na hierdie lied of tyd spandeer in skepping wees maar ander tye van absolute droogte en ver-wees van God?



In **Psalm 24:3** word die keuringsvraag gevra wie Sy teenwoordigheid mag betree**"Wie mag die berg van die Here opgaan en wie mag in sy heiligdom gaan staan?"** Die gelowige moet sy verantwoordelikheid besef en hy moet eerbied en liefde vir God hê en dit sal blyk uit sy gesindheid, woorde en lewenswandel soos in **vers 4-6 "Dié een wie se hande rein en wie se hart suiwer is, wat alle bedrog vermy. en geen vals eed aflê nie.So iemand sal van die Here seën ontvang, en God, sy redder, sal reg aan hom laat geskied.Die mense wat na Sy wil vra en Hom dien…"** Hierdie is 'n mondvol en as ons eerlik moet wees is dit selde dat ons aan al hierdie eienskappe voldoen. Feit is dat as dié nie in plek is nie kan daar blokkasie onstaan en God se teenwoordigheid nie ervaar word soos ons daarna smag nie! Toets jouself hieraan en vra die Heilige Gees om jou te help daarmee-God wil JOU ontmoet!

**Bid saam met Arthur Burk die seën gebed oor God se teenwoordigheid:** **Ek seën jou met 'n lewe wat vol is van 'n reënboog van vreugdes. Ek seën jou met die wonderlikste vreugde van almal-die vreugde wat jy slegs kan vind in God se teenwoordigheid in jou gees. Ek seën jou gees om soos 'n heiligdom te wees en nie 'n oorlogsveld nie; om 'n veilige hawe,'n plek waar jy deur die Heilige Gees besoek word te wees,'n plek waar Hy jou onder Sy vlerke beskerm en jy die intieme teenwoordigheid van God-in-jou leer ken. Ek seën jou om God se nabyheid tasbaar te ervaar en ook hoe Hy oor jou lewe waak. Ek seën jou met vreugde terwyl jy Sy teenwoordigheid in die wêreld om jou en Sy vingerafdrukke op jou eie lewe begin raaksien.**

**Dankie vir elkeen se insette in Hey! se bediening: jou gebede, finansies, ondersteuning, omgee, word waardeer!**
**Dankie ook aan ons gesinne ! Hou ons asb in jul gebede vir wysheid elke dag. Celeste Steinmann 082 322 5299**